Publication: Beeld Tweede Uitgawe - Sake
Title: Inkrimping van 29% wek groot kommer
AVE: 80390.52
Page: 11
Publish Date: 04 December 2024
Author: Hanlie Nordejee

LANDBOU

# Inkrimping van 29% wek groot kommer

**Hanlie Nordejee**

Die onverwagse inkrimping van die bruto binnelandse produk (BBP) in die derde kwartaal beteken die ekonomie gaan waarskynlik nie vanjaar 1%-groei haal nie.

Dis slegte nuus vir werkskepping, maar ook vir die tesourie, wat begroot vir sterker groei en dus 'n groter inkomste uit belasting.

Thanda Sithole, senior ekonoom van FNB, sê dié bank het groei van 0,3% verwag en die konsensus van ekonome wat aan 'n Reuters-peiling deelgeneem het, was selfs 0,5%. Daarteenoor het die ekonomie met 0,3% ingekrimp, die eerste kwartaalinkrimping in 'n jaar, volgens Statistieke Suid-Afrika (SSA).

Die vernaamste rede daarvoor is die enorme inkrimping van 28,8% in die landbou.

Vir mense met skuld skep die trae ekonomiese groei dalk 'n straaltjie hoop, meen Sithole. Dit, tesame met gedempte verwagtinge vir inflasie, bekragtig volgens haar die argument dat die rentekoers geleidelik verlaag word om sikliese herstel te ondersteun.

Sy beaam wat nou al 'n refrein is vir ekonome, die Reserwebank, die tesourie en selfs politici: Strukturele hervorming moet eenvoudig versnel word om vinniger en meer volhoubare ekonomiese groei op medium- tot lang termyn te verseker.

Daar word wel verwag dat daar groei in die vierde kwartaal gaan wees – ook nou deels omdat dit met die derde kwartaal vergelyk word. Daar is reeds tekens dat Swart Vrydag vanjaar rekordverkope opgelewer het, wat Sithole en ander onder meer toeskryf aan die geld wat uit die tweepotstelsel onttrek is.

Inligting wat nou al bekend is, dui daarop dat mense sowat die helfte van hul tweepotgeld vir skuld gebruik en die res vir besteding.



Plaasgrond om die Theewaterskloofdam naby Villiersdorp in die Overberg. Foto: ISTOCK

Sithole is optimisties dat ekonomiese groei volgende jaar en in 2026 na aan 2% gaan kom. Die opskorting van beurtkrag, verbeteringe in logistiek en die werk van Operasie Vulindlela Fase 2.0 – juis die strukturele hervormings wat bepleit word – dra alles daartoe by.

Prof. Raymond Parsons, ekonoom aan die Noordwes-Universiteit se sakeskool, sê "ekonomiese herstel is duidelik swak en ongelyk".

Die "oorheersende prioriteit" van die regering van nasionale eenheid moet 'n strewe na sterker ekonomiese groei wees, sê Parsons.

**Landbou in 'n resessie**

Die inkrimping in landbouproduksie – wat die sektor in 'n resessie plaas – is nie onverwags nie in die lig van die midsomerdroogte vroeër vanjaar en voortslepende dieresiektes.

Wandile Sihlobo, landbou-ekonoom van Agbiz, is egter verras oor die omvang daarvan. Die 28,8% kom ná die inkrimping van 4,8% in die tweede kwartaal.

SSA skryf die inkrimping in die landbou toe aan 'n afname in die produksie van veldgewasse. Sihlobo wys daarop dat die oes van somergewasse soos mielies, sonneblomsaad en soja 23% kleiner is as verlede jaar op 15,4 miljoen ton in totaal.

"Ons glo die subsektor vir lewende hawe, wat byna die helfte van die landbou se waarde bydra, het ook nog nie heeltemal herstel nie."

Voëlgriep het verlede jaar hoenderprodusente geraak en daar is voortslepende bek-en-klouseer in veral die Oos-Kaap.

"Nietemin is dit nie net slegte nuus in die landbou nie: Tuinbou (vrugte en groente) het vanjaar relatief goed gevaar, hoewel die impak in die derde kwartaal nie groot is nie."

Tuinbou, wat onder besproeiing is, het grootliks die impak van die droogte in die noorde van die land vrygespring, ook danksy die damme wat begin vanjaar in die droogtetyd vol was.

Kulani Siweya, ekonoom van AgriSA, beaam die syfers lyk donker weens die droogte, wat die produksie van somergewasse geknou het.

Hy reken egter ook slegte weer het die produksie van subtropiese vrugte, sagtevrugte en groente in sekere dele van die land benadeel.

Vroeër het FreshPlaza.com berig in dele van Limpopo, Mpumalanga en KwaZulu-Natal is daar nog skade aan onder meer piesangbome nadat die tropiese sikloon Freddy in Februarie en Maart verlede jaar verwoesting gesaai het.

In Julie vanjaar het swartryp in Limpopo die produksie van verskeie soorte groente geknou.

"Dit is noodsaaklik dat ons logistiekstelsels doeltreffender maak, ons huidige markte behou en nuwe uitvoergeleenthede ondersoek, veral in die Brics+-lande," sê Siweya.

"Ons glo met die regte beleid en ondersteuning kan Suid-Afrikaanse landbou voorloop om inklusiewe groei en werkskepping aan te dryf."

Ondanks die inkrimping in produksie, het SSA onlangs in sy kwartaallikse arbeidsmagpeiling bekend gemaak werkskepping in die landbou het van die tweede tot die derde kwartaal met 4,4% tot 935 000 mense toegeneem. Dis egter 2,2%, oftewel 21 000 mense, minder as 'n jaar gelede.

Landbouwerkers maak 5,5% van die byna 17 miljoen Suid-Afrikaners met werk uit, al verteenwoordig die sektor net 2% van produksie. Dit dui op die landbou se relatief groot potensiaal vir werkskepping, ook vir mense wat nie noodwendig 'n tersiêre kwalifikasie het nie.

Parsons sê omdat die landbou deur die klimaat geraak is, is daar potensiaal vir 'n stewige ommekeer as die weer in boere se guns draai.


The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.